

KAMPUS NEWS



CHRISTELLE FEYT

Leisels in die hand

MCS teaches staff about
community service

SUNLearn – alles
wat jy moet weet

Managing conflicts
of interest at SU

Coetzenburg se
droom-swembad

My Kampus: Grant Jefthas bly in kontak3
 Nuwe navorsingsleerstoel in afvalwaterbestuur4
 MSc-graad in volhoubare landbou ingestel5
 New MDR-TB drug on the horizon6
 US se #neknominations help gemeenskappe7
 Community interaction with MCS8
 SUNLearn is die toekoms9
 When in doubt, declare your interests10
 US kry droom-swembad11
 Sasol winners exhibit their art12
 Kampuslewe: Eet, lees en luister13
 Time for a snack14
 In gesprek met Christelle Feyt15
 Brokkies in Beeld16



Redakteur: Wayne Muller
 Voorbladfoto: Stefan Els
 Bladontwerp: SUN MeDIA
 Drukwerk: SUN MeDIA
 Advertisies: Conita Henry
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
 faks: 021 808 3800,
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
 of wmmuller@sun.ac.za



Wayne



VAN DIE Redakteur

Community interaction is one of Stellenbosch University's three core functions. It means that we as a university strive to make an impact on society through our research, teaching and learning.

In *Kampusnuus* this month, find out how you can make an impact through Maties Community Service (MCS). Each year during MAD², students go to different schools and centres to do community service by painting classrooms or cleaning up rivers.

However from this year, MCS wants to spread its wings by training SU staff members to do their bit for the community. Read more on page 8.

Die US streef daarna om in al sy werksaamhede eties op te tree – of dit nou is in die sluit van groot kontrakte of die verklaring van geskenke. 'n Nuwe beleid oor konflik van belange is tans in werking en sorg dat elke personeelid eties handel. Lees op bladsy 10 waarom hierdie beleid belangrik is vir elke werknemer van die Universiteit.

Uiteindelik is 'n droom bewaarheid toe die US se Coetzenburg-swembad in Februarie ingewy is. Dié hoë-tegnologie swembad is die enigste in sy soort in Suid-Afrika en die impak daarvan op sport in die provinsie sal groot wees. Op bladsy 11 berig ons hieroor.

Op die voorblad is Christelle Feyt, Senior Direkteur: Voornemende Studente. Sy vertel oor haar groot besluit om van Port Elizabeth na die US te kom.

Kampusnuus also visits Grant Jefthas, who works at the Contact and Client Services Centre, but who we often see as Master of Ceremonies at staff events on campus. On page 3 you can get to know him better.

Also, read on page 12 about this month's art exhibition at the Sasol Art Museum, and experience some riveting piano performances in the Endler Hall.

Enjoy this issue.

Grant bly in kontak

Vir Grant Jefthas van die US se Kontak- en Kliëntedienssentrum is dit 'n groot plesier om mense te help met dinge wat dalk hul lewe kan verander. En met sy borrelende persoonlikheid is dit geen wonder dat ons hom so dikwels by US-geleenthede as seremoniemeester sien optree nie.



Die Kontak- en Kliëntedienssentrum hanteer ... alle telefoonoproepe, fakse en e-posse wat die US ontvang. Ons lig voornemende studente in oor die aansoekproses, toelatingsvereistes, keuring, koshuisplasinge en beursaansoeke. Waar ons nie kan help nie, verwys ons studente na die relevante departement. Huidige studente klop ook by ons aan met kwessies oor registrasie, studentegelde, rekords of gradeplegtighede.

Ek is 'n eerste generasie-student ... wat van Franschhoek kom. My ouers was plaaswerkers en ek wou meer wees. Die NWU Pukke het my gewerf en ek het my BCom in Kommunikasiebestuur daar voltooi. Ek staan elke oggend op met die wete dat ek iemand iewers gaan help met relevante inligting wat hul lewe makliker maak; selfs kan verander. Dikwels het mense wat skakel geen idee hoe die US werk nie. Dis 'n absolute plesier om hulle van die begin van die aansoek (in Maart) tot en met registrasie (die volgende jaar Januarie) te help.



Die grootste uitdaging in my werk is ... moeilike ouers wat alles namens hul kinders wil doen. 'n Mens begryp die bekommernis van 'n eerstejaar se ouers, maar dit is dikwels seniors se ouers wat moeilik is. Hulle raak ongeduldig en sommige vloek selfs op jou! Daar is baie ondersteuningsmiddele, soos MyMaties, waarop hulle bykans alles kan uitrig. Ons sien elke student as 'n volwassene wat sy studies en persoonlike lewe self moet bestuur. Personeel is ook soms 'n uitdaging. Die meeste dink nog uitbreiding 9111 is die skakelbord – dit bestaan sedert 2009 nie meer nie. As jy iemand soek, tik slegs die woord "gids" op Internet Explorer in, tik dan die persoon se van of departement en siedaar, jy het die telefoonnommer én e-posadres.

Ek was al seremoniemeester ... by talle van die US Welwees se geleenthede. Elf jaar gelede was ek vir die eerste keer 'n seremoniemeester by my niggie se troue. Ek het nooit weer teruggekyk nie! Ek doen meestal troues, maar ook verjaardagvieringe en dinees. Die gaste se reaksie as ek met selfvertroue praat en hier en daar 'n grappie maak wat hulle laat skaterlag, is natuurlik 'n bonus!

"Alles wat ek kiés om te wees" ... dís my lewensfilosofie. Ons leef in 'n wêreld waar ons gedruk word om in te gee aan die samelewing se manier van dinge doen. Ons voel gedruk as ons onderpresteer volgens ander se standaarde. Ons ag ander se verwagtinge belangriker as ons eie innerlike stem. Ek het geleer om my innerlike stem te volg. Ek kiés wat ek wil doen. Meer belangriker: ek kiés wie ek wil wees. Daarin lê baie opgesluit.

Foto's: STEFAN ELS en ANTON JORDAAN

KAMPUS klets

Meeting a great need in our country (Faculty of Science donates calculators for #neknomination, see page 7). Let's make the difference in maths and science – *Ethelwynn*

Baie geluk met 'n uitstekende inisiatief (Maties Netbal wen by die Cape Town Tens-rugbyfees). Doen so voort en voorspoed vir die seisoen! – *Jackie Wiese*

Well done to SUN academics and SRC (#neknomination, see page 7). We hope the rest of the universities in South Africa will follow and take up such challenges. Well done for Community Interaction. – *Gerda Bender*
 Ek dink SciMathUS is 'n goeie program van die Universiteit om studente wat uit benadeel omstandighede uit te help en ondersteun. – *Adrian Johnson*

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

Another positive #neknomination that makes a difference! Well done, Prof Jimmy Volmink (see page 7). – *Gerda Ziemkendorf Joubert*

US het die negatiewiteit rondom #neknomination na die positiewe omgeswaai. – *Maria Jonas*

lewens is daar fout by US rugby. 'n Mens kry eintlik seer as jy sien hoe hulle nou vaar. Ek vertrou dat daar ondersoek ingestel sal word. – *Beulah Smith*

What a beautiful day it was for the official opening of the Maties Pool – *Sebastian @simenic*

The official @StellenboschUni Inetkey app for android is now available in Google Play – *Ralph Pina @ralphpina*



Nuwe navorsingsleerstoel in afvalwaterbestuur

Die ERWAT-leerstoel in Afvalwaterbestuur, wat deur die US se Waterinstituut gehuisves word, is op 3 Februarie amptelik by STIAS bekendgestel.

ERWAT (East Rand Water Care Company) is in 1992 gestig as 'n Artikel 21-maatskappy.

Dit is verantwoordelik vir die grootmaat afvoer van afvalwater en die verskaffing van 'n hoogs tegniese en effektiewe afvalwaterbehandelingsdiens aan sowat 2 000 industrieë en meer as 3,5 miljoen mense met toegang tot sanitêre dienste.

Volgens Pat Twala, ERWAT se Besturende Direkteur, lê een van die waterbedryf se grootste uitdagings in die vind van omgewingsvriendelike metodes om ontslae te raak van die slikt wat deur afvalwaterwerke gegenerer word. ERWAT bestuur 19 afvalwaterbehandelingswerke in Oos-Gauteng wat sowat 800 liter water per dag behandel.

Die ander groot uitdaging is om tegnisi en ingenieurs met die nodige spesialisvaardighede te werf. Dit sal die Suid-Afrikaanse waterbedryf in staat stel om internasionaal meer mededingend te kan wees, het hy bygevoeg.

Prof Eugene Cloete, Viserektor



Prof Eugene Cloete, US Viserektor (Navorsing en Innovasie); Pat Twala, Besturende Direkteur van ERWAT; prof Louise Warnich, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe; en prof Gideon Wolfaardt, eerste bekleër van die ERWAT-navorsingsleerstoel. Foto: ANTON JORDAAN

(Navorsing en Innovasie) en voorsitter van die US Waterinstituut se adviesraad, het gesê die bedryf sal munisipale afvalwater as 'n hulpbron eerder as 'n afvalprodukt moet begin beskou.

Die nuwe ERWAT-leerstoel sal fokus op wetenskaplike en tegniese vooruitgang in die bestuur van afvalwater, watergehalte, watergebruik en -aanvraag, sowel as om vennootskappe aan te moedig wat die wateravontuurs-

en bestuursvaardighede van wetenskaplikes, ingenieurs en tegniese personeel kan bevorder.

Prof Gideon Wolfaardt, 'n internasionaal-erkende spesialis in die biologiese en ingenieursaspekte van wateravontuurs, is die eerste om hierdie leerstoel te beklee. Hy het onlangs teruggekeer uit Kanada waar hy sedert 2004 'n leerstoel beklee het wat op die skakelvlak tussen die omgewing en biofilms gefokus het.

New Deans start their term

On 1 February, Prof Stan du Plessis took over as Dean of the Faculty of Economic and Management Sciences, while Prof Louise Warnich started her term as the new Dean of the Faculty of Science.

Du Plessis was appointed as successor to Prof Johann de Villiers, who has enrolled for full-time studies.

The arrangement about the transfer of the Dean's responsibilities will enable De Villiers to attend to his studies earlier.

De Villiers, who has been Dean for the past 11 years, said he was very

proud of what the staff had achieved collectively. "The energy and fresh ideas coming from a new leadership is already evident. I wish Prof Du Plessis and the faculty all of the very best."

Warnich took over from acting Dean Prof Doug Rawlings. She is an alumnus of the Faculty of Science, obtained a PhD in Human Genetics from SU, joined the Department of Genetics in 1992 and was then appointed as professor in 2003. Since the end of 2011, she served as Vice-Dean in the Faculty of AgriSciences.

Rawlings, who was acting Dean since

2012 after Prof Eugene Cloete became Vice-Rector (Research and Innovation), has returned to the Department of Microbiology where he is writing up his DSc.



Prof Louise Warnich Prof Stan du Plessis

Maties Netbal stel Hantie du Toit-span bekend

Die bekendstelling van die Hantie du Toit-netbalspan is 'n poging deur Maties Netbal om spelers wat reeds hul studies voltooi het die geleentheid te gee om steeds deel van Maties Netbal te wees. Dit sal ervare spelers hopelik

in die Varsity Netbal-sisteem hou en help om te verseker die Boland bly 'n sterk en kompeterende netbalstreek.

Dr Hantie du Toit was bekend as die Dok Craven van Maties Netbal. Du Toit het van 1958 tot met haar aftrede

in 1988 afgerig. Sy is op 31 Desember 1989 oorlede. Sy het Maties-, Van der Stel- en Boland-spanne afgerig. In 1981 was sy breier van die SA span.

Die Hantie du Toit-span sal uit 12 spelers bestaan waarvan nege oud-Maties (studente of spelers) moet wees. Die res word op meriete gekies.

KENNISGEWING

Beroepsgesondheid en -veiligheid

Omgewings se risiko-en-veiligheidskomitees vervul 'n krities belangrike rol om die Universiteit se mees waardevolle bates, naamlik sy personeel en studente, te beskerm teen beserings en onveilige werksituasies.

Die Beroepsveiligheidswetgewing (OHSAct, Wet 85 van 1993) hou die rektor as hoof- uitvoerende beampete aanspreeklik vir veiligheid in die werkplek.

Die operasionele verantwoordelikhede word deur die rektor gedelegeer via die dekanes en omgewingshoofde tot op operasionele vlak regoor die hele Universiteit.

Die wetgewing is so omskryf dat die verantwoordelikheid gedelegeer word tot op die laagste funksionele vlakke binne 'n organisasie.

Risiko-en-veiligheidskomitees word in elke gebou deur die betrokke omgewingshoofde en dekanes aangestel met die verantwoordelikheid om 'n doeltreffende veiligheidsprogram vir die omgewing saam te stel en die nodige prosedures in te oefen.

Al dié komitees vorm gesamentlik 'n veiligheidsnetwerk deur al die US se leef-, leer-, en werkplekke.

Die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur en Direkteur: Risikobestuur en Kampussekuriteit is in die proses om gesprekke met alle omgewingshoofde te voer om die aspekte van beroepsgesondheid en -veiligheid toe te lig, en hulp en leiding te gee met die uitvoering van die noodsaaklike funksie binne u omgewing.

U word versoek om asseblief die nodige prioriteit aan die gesprekke te gee.

US stel nuwe MSc-graad in volhoubare landbou in

Die US het in Februarie sy nuwe MSc-graad in Volhoubare Landbou van stapel gestuur is.

Die program, met vier studente wat ingeskryf is vir 2014, sal vir die eerste keer vanjaar aangebied word en fokus op die wetenskaplike beginsels om grond en voedselproduksie op 'n volhoubare manier te bestuur.

Hierdie meestersgraad, een van twee in Suid-Afrika (die ander kursus word by die Universiteit van die Vrystaat aangebied), is gegrond op 'n stelselbenadering voortspruitend uit die feit dat die boerderylandskap 'n stelsel is wat die somtotaal is van sy komponente soos grond, water, gewasse, diere, die omgewing en kapitaalinvestering.

Hierdie komponente moenie in isolasie beskou word nie. Dit is belangrik om te besef dat menslike kapasiteit, arbeid, geslag en ander maatskaplike entiteite ook deel van hierdie holistiese stelsel vorm.

Die twee jaar lange graadprogram, wat deur 'n span akademici vanuit verskeie dissiplines ontwikkel is, bestaan uit 'n onderrig- sowel as 'n navorsingskomponent.

Die modules wat in die eerste jaar behandel word, is onder meer

'n inleiding tot stelsels, volhoubare grondbestuur, volhoubare plantproduksie, volhoubare diereproduksie, biodiversiteits- en ekosisteedienste, die sosiologie van volhoubare landbou, die ekonomie van volhoubare landbou en stelsels, ontleding, en simulasie.

Na afloop van hierdie modules sal studente 'n vier tot ses weke lange werksgeïntegreerde leerprogram deurloop, waartydens hulle met werklike probleme in volhoubare landbou te doen sal kry.

In die tweede jaar onderneem die studente 'n navorsingsprojek wat op 'n tesis sal uitloop.

Prof Raymond Auerbach van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) en direkteur van die Rainman Landcare-stigting, was die gasspreker by die bekendstelling. Hy het op die raad gediens wat die nuwe graad gekonseptualiseer het.

Prof Kennedy Dzama van die Departement Veekundige Wetenskappe, wat nou betrokke was by die ontwikkeling van die nuwe program, het gesê Suid-Afrika bly tans agter wat volhoubare landbou betref, daarom is hierdie program so belangrik.



Die nuwe studente Zander Venter, Tshepo Morokong, Lezanie Coetzee en Busisiwe Mahlobo (heelregs) saam met prof Raymond Auerbach en dr Heidi Hawkins. Foto: ANTON JORDAAN

ADA hosts policy analysis seminar

The African Doctoral Academy (ADA) recently offered a week-long seminar on "Research for Policy and Practice" to 35 PhD students who represented 11 African countries, the USA, Sweden, India and China.

The seminar serves as a capacity development intervention to the SA Young Scientists Summer Programme

and is co-hosted by the University of the Free State, the National Research Foundation, the Department of Science and Technology and the Austrian-based International Institute for Applied Systems Analysis (IIASA).

The seminar focused on effective ways of using research evidence to support policy making. The seminar was

presented by Marina Joubert (Southern Science), Prof Alice Pell (Cornell University), Dr Lindiwe Sibanda (FANRPAN) and Prof Frans Swanepoel (ADA).

The seminar culminated in a high level policy dialogue in which a number of SADC policy makers participated.

New MDR-TB drug on the horizon

A promising new drug for the treatment of multi-drug resistant (MDR) TB was recently conditionally approved by the European Medicines Agency. A research unit closely affiliated with Stellenbosch University played a central role in this process.

The drug, called Delamanid, was developed by the Japanese pharmaceutical company Otsuka, and was tested by TASK Applied Science, a clinical trials unit founded and run by Andreas Diacon, professor of Medical Physiology at SU's Faculty of Medicine and Health Sciences.

"We were the first worldwide to give Delamanid to a TB patient, and we also published the first report on the use of Delamanid in TB patients," said TASK director, Dr Florian von Groote-Bidlingmaier, a specialist physician in Internal Medicine and Pulmonology who is responsible for the MDR-TB trials at Brooklyn Chest Hospital.

Delamanid is a newly synthesised

drug (a so-called nitro-dihydroimidazo-oxazole) with similarities to existing antibiotics, but new for tuberculosis treatment. It is one of several drugs currently in clinical development, and is only the second anti-tuberculosis drug after bedaquiline to receive a positive opinion from an international medicines authority in decades.

A two-month trial in patients with MDR-TB showed treatment to be significantly more effective when Delamanid was added to the standard drug regimen, compared to the standard treatment alone. It also seems to have a favourable side effect profile.

"With the growing rate of drug-resistant TB we urgently need new drugs to treat our patients," said Von Groote-Bidlingmaier.

Although Delamanid is currently not approved in South Africa, Von Groote-Bidlingmaier said he is confident that it will become available to TB patients here in the near future.



Prof Andreas Diacon and Dr Florian von Groote-Bidlingmaier.

Soil Science postgraduate students take top awards at congress

Three postgraduate students in the Department of Soil Science managed to win all the awards for young researchers at the Combined Congress 2014 of the Soil and Plant Science Societies of South Africa (SSSSA, SASHS, SASCP and SAWSS).

The congress was held at Rhodes University, Grahamstown, in January.

It had a record attendance of 388 delegates from all over South Africa. Four delegates from SU's Department of Soil Science attended the congress:

Dr Ailsa Hardie and three of her postgraduate students, Makhosazana Sika (PhDAgric), Jacques Smith (MScAgric) and Naudé Smith (MScAgric). The students' oral presentations were all very well received, with Naudé Smith receiving the Soil Science Society of South Africa (SSSSA) award for the Best Paper presented by a researcher under 30 years, and Jacques Smith receiving the Omnia Nutriology Merit Award for Best Soil Science Student Paper for his presentation.

US lei nog 'n sentrum van uitnemendheid



Prof Johann Mouton

Die Universiteit se Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) is gekies as 'n sentrum van uitnemendheid in wetenskapmetriek en om wetenskap-, tegnologie-, en innovasiebeleid aan te bied. Die US het tans vier ander sentrums van uitnemendheid.

Hierdie jongste sentrum is een van vyf nuwe sentrums van uitnemendheid wat in Februarie deur die minister van wetenskap en tegnologie, Derek Hanekom, aangekondig.

Die doel van sulke sentrums is om samewerkende en interdisiplinêre navorsing onder navorsingsinstellings te bevorder en om hoë-gehalte vaardigheidsontwikkeling te voorsien in prioriteit-navorsingsgebiede.

SENWET is 'n interdisiplinêre navorsings- en akademiese sentrum wat in 1995 gestig is. Dit doen navorsing oor die aard van wetenskap en tegnologie. Dit bied ook nagraadse programme in twee gebiede naamlik wetenskap en tegnologie en monitoring- en evaluasiestudies.

Die sentrum by die US sal kyk na die verhoging van die doeltreffendheid van die land se gebruik van sy kennishulpbronne deur die produksie van hoë-gehalte, navorsing-gebaseerde bewyse om die impak van Suid-Afrikaanse wetenskap en tegnologie te bevorder en sodoende die besluitneming vir die nasionale wetenskapstelsel te verbeter.

Prof Johann Mouton, Direkteur van SENWET, het gesê die nuwe sentrum sal funksioneer met SENWET as die leidende gasheer, Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) as mede-gasheer, en die Sentrum vir Hoër Onderwys en Transformasie (CHET) en die Sentrum vir Wetenskap en Tegnologie Studies (CWTS), Universiteit van Leiden) as vennote.

US se #neknominations help gemeenskap

Die gewilde gier #neknomination het in Februarie die US getref – van die US-reaktor tot SR-voorsitter het hierdeur 'n positiewe bydrae tot die gemeenskap gemaak.

#neknomination het as 'n YouTube-gier in Australië begin waarin iemand uitgedaag word om op video 'n drankie af te slurp. Maar dit het intussen 'n positiewe kinkel gekry waarin mense mekaar uitdaag om iets goed in hul gemeenskappe te doen. 'n Video van die goeie daad word dan op YouTube gelai en die persoon moet nog twee mense uitdaag om 'n goeie daad te doen.

Prof Russel Botman, US-reaktor, het in reaksie op 'n uitdaging van MJ Dippenaar, SR-voorsitter, R10000 namens sy gesin aan die iShack-projek in Enkanini, Stellenbosch, geskenk.

Dippenaar het aanvanklik gereageer op 'n #neknomination van Lydia se huiskomitee aan Maties se SR. Hy het toe burgers uitgedeel aan verbaasde Stellenbosse motoriste en voetgangers in die dorp. Daarna het hy Botman uitgedaag.

Botman het groot lof vir die spontane reaksie van US-studente en -personeelle. "Maties het aangesluit by die internasionale veldtog wat in Suid-Afrika 'n positiewe kinkel gekry het. Ons studente wys hulle ondersteun die US se visie om 'n impak op die samelewing te maak."

Dekane spring ook in

Op sy beurt het Botman die dekanes van die US se tien fakulteite met 'n #neknomination uitgedaag om te wys hoe die werk van hul personeel en studente 'n impak het op die samelewing.

Prof Johan Hattingh, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, het heel eerste Botman se uitdaging aanvaar.

Hattingh is reeds betrokke by die Jeuguitreksentrum naby die Du Toitstasie. Hy het meer vertel van die werk wat daar gedoen word en ook 'n beroep gedoen op enigeen wat betrokke wil raak om die fakulteit te kontak.

Prof Stan du Plessis, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, het vir sy uitdaging die handboeke van 'n wildvreemde student in dié fakulteit betaal.

Nóg 'n dekaan wat die uitdaging aanvaar het, is prof Louise Warnich van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Sy en 'n paar kollegas en studente het die Makupula Sekondêre Skool in Kayamandi besoek en aan elkeen 'n nuwe sakrekenaar geskenk.

Tydens die besoek aan die skool het dit aan die lig gekom dat daar 'n behoefte is vir ekstra wiskundelesse vir die leerders. Warnich het prof Ingrid Rewitzky, hoof van die Departement Wiskundige Wetenskappe, uitgedaag om die leerders in dié verband te help.

Prof Jimmy Volmink van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het R2000 bygedra tot die fondsinsamelingsinisiatief van die Tygerberg-lede van die Stellenbosch Universiteitskoor. Hulle samel geld in vir hul toer na die Wêreldkoorkampioenskappe in Letland later vanjaar. "Ons ondersteun graag ons studente om hierdie belangrike wêreldgeleentheid by te woon en glo dit sal 'n verrykende ervaring vir hulle wees," het Volmink gesê.



Prof Russel Botman saam met Yondela Tyawa, 'n mede-navorsers verbonde aan die US se Navorsingsentrum in Enkanini.

Foto: DESMOND THOMPSON

MFM steun gemeenskapsprojek

TuksFM het met 'n #neknomination MFM 92.6 uitgedaag om 'n gemeenskapsprojek te help. MFM het toe die Vlaeberg-gemeenskapsentrum gekies. Op Maandag 17 Februarie het MFM verf, swaai, kos, grassnyers en sokkerballe gereël om die sentrum se speelplek, wat onveilig was vir kinders, in 'n prettige area te omskep. MFM het ook 'n grassnyer aan die sentrum geskenk. Die Vlaeberg-gemeenskapsentrum sien om na meer as 70 kinders, hoofsaaklik tussen die ouderdomme van 4 en 18.

"MFM is trots om deel van die gemeenskap te wees en terug te gee waar ons kan. Gemeenskapsentrums het altyd hulp nodig en ons is bly ons kon deur die #neknomination help," sê Charita van der Berg, stasiebestuurder.

MFM het op sy beurt 'n #neknomination aan Heart 104.9 FM en Smile 90.4 FM gemaak.



MFM se span het by die Vlaeberg-gemeenskapsentrum hul #neknomination gaan uitvoer.



Die Fakulteit Natuurwetenskappe het sakrekenaars aan leerders van die Makupula Sekondêre Skool in Kayamandi oorhandig.

Giving a helping hand

In May, Matie Community Service will present a course on community interaction to SU staff members who would like to be involved in the division's projects. LYNNE RIPPENAAR-MOSES writes about the value of helping out and how SU's first-year students did exactly that during their Community Interaction morning.

On 30 January, more than 2000 first-year students and house committee members participated in the Community Interaction morning of Matie Community Service (MCS) by volunteering at various community projects in and around Stellenbosch.

While these students were painting community buildings, cleaning up school grounds or interacting with learners by painting their faces and supervising a water slide, another 3000 students stayed behind at venues across campus to learn more about what community interaction entails.

All these activities were organised by the One Stop Student Volunteer Service of MCS in conjunction with residence and private student organisation (PSO) house committee members.

Michelle Pietersen, Project Manager of the One Stop Student Volunteer Service, believes that there is also a big desire on the part of staff to get more involved. Staff-student volunteer projects like the Toasties for Tummies project during Mandela Week last year, is proof of this. About 4000 toasted sandwiches were prepared for the needy in Stellenbosch and distributed.

"If we create more opportunities for staff to be involved, I believe we will see more staff getting involved."

With this goal in mind, MCS, along with the Division for Community Interaction, has developed a two-day course in "Experiential Learning for Staff Volunteers" that will kick off in May. The course will be facilitated by Grant Demas of the Postgraduate and International Office.

The course is similar to the accredited student courses, Leadership through Community Interaction and Introduction to Student-Led Volunteer Initiatives, which are offered jointly by MCS and the Frederik van Zyl Slabbert Leadership Institute.

"The staff course will offer

an introduction to community development, with basic principles and practices on community interaction being shared," says Pietersen.

Other sections that will be covered include "A Framework for Volunteerism at Stellenbosch University", presented by Dr Jerome Slamet, Senior Director: Community Interaction.

"We will also discuss how to set up a project plan and implement that plan with the budget at your disposal. We want staff to not only understand and apply community development principles; we want to expand their skills, for example, with regards to writing project proposals, implementing that proposal and reporting back on a plan."

The course will include a day of teaching with a follow-up session where participants will present their community interaction project plan to the facilitator. "In this way, we will be able to see whether they have incorporated the theoretical knowledge they have learnt."

Pietersen hopes the course will better prepare staff for volunteerism and increase involvement in community interaction projects. "Over the past few years we've seen a greater involvement of staff in community interaction projects on campus and in departments, as well as an increase in enquiries about volunteer opportunities. We want people to



First-year students of Nerina women's residence sanding and prepping the doors at the Youth Outreach Centre for painting.

Photos: LYNNE RIPPENAAR-MOSES

enter communities with the knowledge they will need to do their work properly and to be clear about the things that will happen. This prevents people from going in unprepared and making huge, often avoidable, mistakes."

Providing training for students before they enter communities have worked well.

"The Community Interaction morning for students went really well this year. The first-years went to volunteer at projects that were selected by their residences or PSOs as community projects for 2014. The students could therefore become orientated to the area they were going to work in in future."

Jean Rossouw, a first-year from Huis Marais residence, said that he jumped at the opportunity to assist the Youth Outreach Centre near Du Toit station, an interim facility for children who have been legally removed from their parents by the Children's Court.

"All of us want South Africa to be a great country and participating in this community interaction project is a way to make a contribution. If we all just did our part and helped those who needed it, we will have the kind of country we want. A lot of students here are privileged and painting the bedroom doors of the youth centre in bright colours is a small way we can make a big difference and give back to the community."

Pietersen agrees: "Most of the time, you don't need money to do community interaction. It is the assets we already have as a volunteer and a community that can help improve a situation. We can use our skills and gifts and share that with people in order to make a difference. However, it is important to remember that volunteering is about making a commitment. If you commit on a



Simonsberg first-years Andile Simanga and Edwin Bunge paint some of the tyres surrounding the flower beds to add colour to the school grounds at St Vincent's Roman Catholic Primary School in Koelenhof.

daily, weekly or monthly basis to do something, you have to do it. Your word is your honour."

• For more details about the staff course, contact Naweel Mullajie of MCS at 021 808 3638.

SUNLearn is die toekoms

inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) speel 'n kardinale rol in die leer- en onderrig aanbod van 'n universiteit en die sentrale webgebaseerde leerbestuurstelsel is tans 'n belangrike deel van die US se e-Leer-ekosisteem.

Dié webgebaseerde leerplatform het oor die jare verskeie name gehad, soos WebCT, Webstudies, Blackboard, Moodle en eMaties. Maar SUNLearn vervang nou al hierdie stelsels as die US se nuwe leerplatform.

SUNLearn is 'n oopbron-leerplatform vir leer en onderrig wat vermengde leer bevorder en gereed is om met mobiele toestelle te integreer.

"Dit kan 'n katalisator wees vir 'n geïntegreerde en innoverende herdisk van wat leer en onderrig kan wees soos ons dieper die 21ste eeu inbeweeg met al sy opvoedkundige uitdagings en geleenthede," sê dr JP Bosman, Hoof: Sentrum vir Leertegnologieë.

Innovasie verwys na 'n veranderende manier waarop dosente die klaskamer gebruik – 'n nuwe verstaan van

die leeromgewing en hoe om by leeruitkomstes uit te kom. "Tegnologie kan nie net iets wees wat bygelas word nie; dit moet deel vorm van die kurrikulum en die bereiking van leeruitkomstes," meen Bosman.

"Maak SUNLearn die hart van jou leer-en-onderrig-ekosisteem deur inhoud, kommunikasie, samewerking en assessering te integreer tot 'n betekenisvolle vermenging van pedagogiese benaderings," is sy raad.

Die eerste semester en jaarmodules vir 2014 is reeds na SUNLearn oorgedra en die tweede semester se modules word nou daarop geskep.

Die stelsel is steeds maklik om te gebruik vir personeel en studente

